

Swellendam

Munisipaliteit

Munisipale Kantoor
Posbus 20
SWELLENDAM, 6740
Tel. (028) 5148500
Faks No. (028) 5142694



Municipality

Municipal Office
P.O. Box 20
SWELLENDAM, 6740
Tel. (028) 5148500
Fax No. (028) 5142694

30 Augustus 2019

e-pos / e-mail : info@swellenmun.co.za

KENNISGEWING: AANSOEKE WORD INGEWAG VIR HULPTOELAE (GRANT-IN-AID (GIA))

Die Munisipaliteit Swellendam nooi organisasies soos nie-regeringsorganisasies, gemeenskapsgebaseerde organisasies, nie-winsgewende organisasies en/of liggame wat gebruik word deur die regering as 'n agentskap van die armes, gemarginaliseer of andersins kwesbaar soos beoog deur artikels 12 en 67 van die MFMA, om aansoek te doen vir hulptoelae (GIA). Organisasies wat aansoek wil doen moet kwalifiseer in terme van die GIA beleid van die Munisipaliteit, soos uiteengesit in Deel 5 van die beleid, en die kategorieë vir kwalifikasie is vervat in Deel 10 van die beleid.

GIA hulptoelae is 'n skenking van Munisipale fondse aan 'n organisasie of liggaam buite enige regeringsfeer wat nie 'n kommersiële of besigheid transaksie uitmaak nie. Die hoofdoel met hierdie tipe van hulptoelae is om nie-regeringsorganisasies en inisiatiewe toe te rus met die grootste potensiaal om hierdie hulpbronne in die gemeenskap terug te ploeg, en sodoende 'n vermenigvuldigende effek te skep. Die Munisipaliteit het ten doel om 'n volhoubare, geloofwaardige en omgee Munisipaliteit te bevorder deur bemaatigings en die bou van gemeenskappe en die bevordering van groei en deelname deur middel van eksterne vennootskappe.

Aansoeke moet op die voorgeskrewe aansoekvorm GiA01 ingedien word. Die beleid en die aansoekvorm, slegs in Engels, is verkrygbaar:

- Deur 'n e-pos te stuur aan info@swellenmun.co.za.
- Telefonies die Direkteur: Finansiële Dienste te skakel by 028 514 8500. Aansoekers wat 'n harde kopie wil bekom, sal 'n fooi betaal soos voorgeskryf in die Toegang tot Inligting Handleiding, wat beskikbaar is op die Munisipale webwerf.
- Op die Munisipale webwerf <http://www.swellenmun.co.za>.

Die begroting vir toelaes is beperk en daarom moet aansoekers kennis neem van die volgende:

1. Die Raad het die reg om nie 'n toekenning te maak nie.
2. Die besluit van die Raad vir spesifieke toekennings en die finale toekennings is bindend en daar is geen appèl –proses nie.

3. Waar toekennings gemaak word aan organisasies wat fondse ontvang het in die vorige jaar, moet so 'n organisasie 'n finale geouditeerde verslag voorsien oor die projekte wat voorheen befonds was.
4. Slegs behoorlik voltooide aansoeke op die voorgeskrewe vorms sal oorweeg word.
5. Fondse mag nie oorgedra word aan enige organisasie of liggaam wat nie 'n voorstel in reaksie op 'n openbare advertensie ingedien het nie, tensy:
 - (i) Dit verband hou met ad hoc ondersteuning soos in deel 10.1.7 van die beleid, wat nie bekend is by die tyd van die advertensie en 'n bykomende motivering voorgelê word; en/of
 - (ii) Dit hou verband met 'n bestaande kontraktuele reëling wat strek oor meer as een jaar.

Navrae kan gerig word aan Mr J. de Jager by 028 514 8500 of e-pos jdejager@swellenmun.co.za of by die Munisipale Kantore, Voortrekstraat 49, Swellendam.

Aansoeke moet op die voorgeskrewe aansoekvorm ingedien word, vergesel van 'n dekbrief op die briefhoof van die organisasie of liggaam en onderteken deur die Hoof van die Organisasie of liggaam en moet die inligting insluit soos voorgeskryf in paragraaf 11.2.1 van die beleid en moet gerig word aan die Direkteur: Finansiële Dienste om hom te bereik voor of op **Maandag, 30 September 2019 om 12:00**. Neem asseblief kennis dat aansoeke wat nie die nodige stawende dokumentasie bevat nie, outomaties gediskwalifiseer sal word.

A.M. GROENEWALD
MUNISIPALE BESTUURDER
Kennisgewing A38/2019

POSBUS 20
SWELLENDAM, 6740